
GUITAR
4 KIDS
DEEL 1

# Welkom kleinspan, mammas, pappas, oumas, oupas en al die ander familie!

Baie welkom vandag by jou eerste kitaar les. Ek hoop dat jy dit baie sal geniet en baie sal leer.

**As jy al tot by 6 kan tel, kan jy leer kitaar speel. Kom ons kyk of jy kan.**
**1**
**2**
**3**
**4**
**5**
**6**
**Pragtig! Jy is sommer baie slim!**

Ek gaan elke kitaar druk mooi vir jou wys so luister en kyk net baie mooi en jy sal sien dat jy een van die dae sommer BAIE lekker gaan kitaar kan speel!

**MAMMAS, PAPPAS EN ANDER FAMILIE WAT HELP OF SAAM LEER:**

## Hoekom 'n boek?

Die doel van die handleiding en hoekom dit goed sal wees om dit te druk (verkieslik in kleur):

1. Die prentjies wat hul kan inkleur help met die vaslegging van die drukke.
2. Hierdie boek kan vorentoe gebruik word wanneer jou kleuter begin lees. Dan kan hul self sien wanneer die drukke verander. Nou, terwyl hul nog nie kan lees nie, leer ons hul om te luister wanneer die drukke moet verander en help hul om dit te memoriseer.

In Deel 1 gaan ons liedjies net eers met 1, en later met 2 drukke leer speel.
So mammas, pappas en ander familie – die idee agter hierdie kursus is net om eers die liefde en gevoel vir musiek en kitaar speel te ontwikkel.

Hierdie afdeling moet dus meer gaan oor pret en sommer net sing en raas as wat dit gaan oor die perfeksie van kitaar speel.

Hierdie kursus is ook iets lekker, kreatief en prettig wat jy saam met jou kleuter kan aanpak.

# KITAAR LES 1



**Die 1ste kitaar druk wat ons gaan leer, is D vir Dassie.**

## Wat kan ons leer:

Dassies is klein, plat diertjies wat in die berge en tussen rotse woon. Hulle is lief om blare, grassies, bossies en sommer 'n klomp ander plante te eet. Hulle is omtrent so groot soos 'n hasie en hulle soek altyd iets om te eet op die grond, maar hulle is sommer 1,2,3 op 'n rots as hulle in gevaar is. Die 2 ogies en neusie lyk amper soos die D druk wat ons gaan leer en ons gaan snare 1, 3, 2 gebruik.




### In les 1 gaan ek vir jou leer om liedjies met D majeur te speel.

Die eerste letter van die diertjie se naam, soos D van Dassie, is eintlik die naam van die druk wat jy leer. So as jy hoor D, dan moet jy weet hoe lyk die Dassie of D druk.

*Die woordjie 'majeur' is dieselfde soos iemand se van. Jy ken dalk iemand en sy naam is Kosie en sy van is Pretorius. As jy met Kosie praat, gaan jy nie elke keer vir hom sê 'hello Kosie Pretorius' nie. Nee, jy gaan net sê 'hello Kosie'. En dit is dieselfde wat ons gaan doen met die note wat ons gaan leer.*

**Al wat jy moet onthou is die druk se naam - D vir Dassie**

Maar ek weet jy is sommer baie slim – jy gaan dit sommer baie gou regkry!

| | | |
|---|---|---|
| <br>6 5 4 3 2 1 = SNARE | D<br>MAJEUR<br><br>Die 3 kolletjies lyk soos sy 2 ogies en neusie. |  |

# DIE DASSIE LIEDJIE:

Ek is ’n diertjie klein en rats

En woon graag in ‘n rots

Ek klim en spring oral rond

En krap graag in die grond

Weet jy wat is my naam?

Weet jy wat is my naam?

Ja jy is reg en baie slim

Dassie is my naam.



Ek eet blare, plante, sade

En is lief vir die son se strale

Wat my lyfie lekker warm hou

Terwyl ek jou fyn dophou

5.

# KLEUR MY ASSEBLIEF MOOI IN

# D a s s i e

